

10 Oktober

Net die Gees van God kan lyding verlig

Skrif- en Fokusgedeelte: Job 2:11-13

As predikant het ek van mense se lyding en traumatiese gebeure in hulle lewens min verstaan, omdat ek self vir baie jare daarvan gespaar gebly het. Op 3 Maart 1998 moes ek egter self die lydensbaadjie aantrek. My bolyf en kop doen tweede- en derdegraadse brandwonde op in 'n petrolongeluk. Vir ten minste ses maande was ek letterlik in die hel as gevolg van die onbeskryflikste pyn en ongerief. Die ergste was dat ek maande lank op 'n gaargebrande rug sonder vel moes lê.

Ons lees hier hoe Job se vriende, as hulle sien hoe groot sy smart was, hardop begin huil het en sewe dae en sewe nagte by hom gesit het sonder om 'n woord te sê. Dit was die enigste deel van Job se vriende se bystand wat waarlik vir Job iets beteken het.

Ek kan met ervaring oor my lydenstyd sê dat diegene wat net by my gesit en my voete gevryf of styf vasgehou het (my hande was erg verbrand), my laat voel het hulle gee regtig vir my om. As dominee het ek baie keer in my bediening die groot fout gemaak: Ek het te veel gepraat.

As u 'n kankerpatiënt besoek wat in erge pyn verkeer, huil maar gerus saam soos ons van Job se vriende in die begin lees. Hou heeldyd sy/haar hand vas en sê so min as moontlik. Vra vir die pasiënt wat jy vir hom/haar uit die Bybel kan voorlees, en moenie vergeet om 'n kort gebed te doen nie. Bid vir baie genade van Bo en die krag en vertroosting van die Heilige Gees. Net die Gees van God kan die pasiënt se lyding verlig.

Sing: Psalm 142:1-5 (Cloete)

Ds. Willie Venter (Emeritus)